12 SLAGGATE op 'n eerste afspraak

Jul oë vind mekaar, daar's 'n vonk tussen julle. Maar ná jul eerste afspraak hoor jy niks van hom nie. En ja, dalk het jy inderdaad iets verkeerd gedoen. Lees hier hoe jy dit volgende keer rég kan doen!

DEUR LYDIA VAN DER MERWE

Mans het haar gereeld uitgevra. Maar nooit 'n tweede keer nie.

Dit was altyd dieselfde storie. En Tersia* het haar net wyd uitgegooi: Sy het hulle op 'n afspraak-webtuiste sowel as op die tradisionele manier (by vriende, in die kerk) ontmoet.

Uiteindelik het sy soos 'n mislukking gevoel, sy kon nie meer haar mond in 'n man se geselskap oopmaak nie. (Lees haar storie in die kassie regs.)

Jy hou dalk niks van eerste afsprake nie. Jy is nie alleen nie. Te veel dinge kan verkeerd loop. Hy is vervelig en daar is geen vonk tussen julle nie. Hy praat die hele tyd oor sy eks, maar kan nie sy hande tuis hou nie.

En dié een van wie jy hou, stel klaarblyklik nie belang om jou weer te sien nie.

Jy verdiep jou met oorgawe in jou werk en stokperdjies. Maar die enigste pad na die liefde is … die afspraak-wipwaentjie.

Is jy verbaas om te hoor sowat 60% van vroue saboteer hul eerste afspraak? Dis volgens Evan Marc Katz, Amerikaanse *dating*-afrigter en skrywer van die boek *Why He Disappeared* (Plume, 2006). (Besoek www.evanmarckatz.com)

Sit jy aand na aand alleen voor die TV? En dis nie omdat jy nie probeer het nie … Dalk herken jy jouself.

Sowat 60% van vroue saboteer hul eerste afspraak
Evan Marc Katz

Foto iStockphoto

1 TEMPER JOU VERWAGTINGE

Sandra* het, ten spyte daarvan dat sy baie van haar *date* gehou het, besluit om hom nie weer te sien nie. Want hy het nie ná die tyd saam met haar na haar motor gestap nie.

Dis geen rede om hom af te skryf nie, sê Bonita Grobbelaar van die afspraak-webtuiste Matchvip.co.za en verhoudingsafrigter van Johannesburg.

Jy het nie eens moeite gedoen om meer oor hom uit te vind nie. Hy is dalk op ander maniere baie bedagsaam. En as julle mekaar beter leer ken, kan jy hom mos vertel wat jou behoeftes is.

Dink 'n bietjie, dis belaglik om van iemand wat jy nog skaars ontmoet het, te verwag om op 'n sekere manier op te tree. Jou verwagtinge is gebaseer op die verlede en hoe jy grootgemaak is. Verbreed jou horison. Jy word dalk aangenaam verras.

2 ONTSPAN!

Tina* het ná elke afspraak die ontmoeting op papier ontleed. Alles wat gebeur het, is in die fynste besonderhede geanaliseer. Sy het gesoek na 'n goeie pa vir haar twee spruite. Maar die mans het gevoel hulle is op 'n werkonderhoud.

Dalk het jy ook 'n lysie in jou kop waarop jy heelaand dinge aftik. Hy is onvriendelik met die kelnerin. Of te vriendelik. (Kruisie in albei gevalle.) Hy praat positief oor ander vroue. (Regmerkie.) Só bederf jy alle kanse op spontaneïteit en 'n moontlike chemiese wisselwerking tussen julle. Dit bly in die slag met jou meedoënlose rits vrae. Vir 'n eerste afspraak plaas dit darem baie druk op jou. En op hom, sê Bonita.

HOOG EN DROOG
– NÁ DIE EERSTE *DATE*

Tersia is 41, 'n suksesvolle sakevrou met baie vriendinne. Maar as dit by die liefde kom …

Uiteindelik, ná baie selfondersoek en selfhelp-boeke, het sy haar vinger op die seerplek gesit. Sy het geen selfvertroue as dit by mans kom nie. By die werk, tussen familie en vriende was sy haarself. Maar op afsprake met mans was sy tjoepstil en skugter. Sy was so bang sy skrik hom af, sy het glad nie 'n mening van haar eie gehad nie.

Sy het daadwerklik opgetree en 'n lysie gemaak van hoe sy tussen vriende en familie optree. Liefdevol, spontaan, sy lag baie. Dís hoe sy regtig is, het sy besluit. En dis hoe sy in die toekoms in mans se geselskap gaan wees. Sy het 'n week lank al die negatiewe goed wat sy vir haarself sê, neergeskryf. En dit vervang met die positiewe keersy. "Ek is mooi genoeg, goed genoeg, slim genoeg." Dit is nou haar mantra, elke dag.

Selfvertroue is die sleutel, sê Tersia. Dit gaan oor jou houding, die energie wat jy uitstraal. Hy sien nie eens raak jou hare lyk sleg nie. Sy knoop deesdae maklik 'n impromptu geselsie met vreemde mans aan. Soos in die ry by die supermark.

En ja, mans vra haar nou 'n tweede keer uit. En 'n derde keer. En vierde. Sy het al 'n paar goeie vriende só gemaak.

Tersia het besef: Sy kan voluit lewe, sonder 'n man. Tog is dit haar keuse om iemand spesiaals in haar lewe te hê. Maar sy sien nie meer elke man as haar laaste kans nie.

Beskou die afspraak eerder as 'n lekker ontspanne tyd saam met 'n moontlike vriend. En net dalk wil jy hom graag beter leer ken. En hy vir jou. >

Hou dinge aanvanklik lig en speels
Bonita Grobbelaar

3 SPAAR JOU ENERGIE

Jy het 'n afspraak vir jou naels en hare. Vra om vroeër by die werk te loop. En jy is ure voor die tyd al so opgewerk soos 'n kind voor 'n partytjie. (Onthou hoe jou maag as kind uiteindelik so gepyn het dat jy nie na die partytjie toe kon gaan nie?)

Moenie, raai Bonita aan. Bly besig, kuier by vriende. Hoekom jouself op hol jaag oor iemand wat jy nie ken nie? En dan is jy uiteindelik so senuweeagtig dat jy die afspraak saboteer.

4 WYS JOU VROULIKE KANT

Om in die korporatiewe omgewing suksesvol te wees moet vroue dikwels hul manlike energie die leisels gee. (Beslistheid, die leiding neem, selfvertroue, ambisie, kry dinge gedoen, bestuur die situasie, ens.)

Trek die kantoordeur toe. Gaan ná werk huis toe, trek iets gemakliks en vroulik aan. Laat jou vroulike energie toe om na die oppervlak te kom, beveel Bonita aan. Dis sorgsaam, goedhartig, deernisvol, warm, liefdevol. (Ja, jy het ook so 'n kant. Al moet jy dalk dieper daarvoor delf.)

'n Vrou soek dikwels 'n man wat 'n deurslag-afskrif van haarself is: net 'n bietjie beter. Langer, suksesvoller, intelligenter, meer ambisieus. 'n Man soek weer iets wat hy nie by die werk of sy vriende kry nie, 'n maat wat hom aanvul en ondersteun, sê sy.

5 SIT JOU BESTE VOETJIE VOOR

Positiwiteit is die sleutel. Wees opgewek. Jou ingesteldheid en hoe jy voel, het 'n uitwerking op hoe suksesvol jul afspraak is. Die meeste mense is senuweeagtig op 'n eerste afspraak. Wees versigtig dat jy nie koud voorkom nie. Glimlag. Gee hom 'n kompliment wat hom op sy gemak kan stel. Jy kan hom selfs 'n drukkie gee as julle mekaar ontmoet. Dit klink 'n bietjie laf om hand te skud, veral omdat julle vir 'n meer persoonlike rol 'n oudisie aflê. Dis dan ook makliker om daarna tot siens te sê: Die pad is oop vir 'n afskeidsdrukkie.

6 DELF DIEPER EMOSIONEEL

Emosionele, persoonlike inligting sal julle nader aan mekaar laat voel. Moenie net by die feite vashaak nie. Delf 'n bietjie dieper. Praat oor sy strewes, drome en hoekom hy 'n sekere ding sê. Laat hom verstaan sy waardes is vir jou belangrik en dat jy hom interessant vind. As julle byvoorbeeld oor reis praat, moenie net vra "Watter lande het jy al besoek?" nie. Maar iets soos: "As jy môre op enige plek kan wakker word, waar sal dit wees? En hoekom?" (Moet dit egter nie verwar met die deel van te veel persoonlike inligting nie – sien nr. 8.)

7 LOS DIE KRITIEK

Volgens Bonita kritiseer vroue mans soms sonder dat hulle dit besef. En as jy hom nie goed laat voel nie, gaan hy die hasepad kies. Dit beteken nie jy moet met alles wat hy sê saamstem nie. Maar wees ontspanne daaroor. Moenie sy kop afbyt nie.

Mans wil vroue tevrede stel, dis hoe hulle aanmekaargesit is. As hy jou kan gelukkig maak, is hy ook gelukkig. Vroue dink dikwels hulle moet iets in ruil doen as 'n man hulle uitneem – en lyk dan oorgretig. Laat hom op die eerste afspraak die leiding neem. Hy kies die plek en is hopelik hoflik en vrygewig. Sê net dankie en hoeveel jy sy moeite waardeer.

8 MOENIE JOU HART OOPVLEK

Andrea* het op 36 gedink sy moet 'n man op die eerste afspraak vertel sy is nog 'n maagd. Daar is niks verkeerd met haar standpunt nie. Maar dis nie wys om sulke persoonlike inligting nou al te deel nie. Dit gaan hom ongemaklik laat voel. En dit kan dalk lyk asof geen man nog op 'n meer intieme vlak in jou belanggestel het nie, volgens Bonita.

Ragel* weer het uit dure ondervinding geleer om hom nie met haar beste vriendin te verwar by wie sy kop kan skoonmaak nie. "Mans raak beangs en sien emosie in hoofletters, trek hul tekkies aan en hol oor die naaste bult. Moet ook nie op die eerste *date* al sê jy was in *rehab*, of jou pa is dood aan kanker, nie. Vermy temas soos die dood en hiernamaals terwyl julle smul aan gelato of 'n lekker kreef.

"Hou dinge aanvanklik lig en speels. Hy wil voel dinge kan dalk lei tot 'n Franse kus, nie 'n *kiss of death* nie ..." >

OM TE WEET

HOE NOU?

Vra jy, bevryde vrou, hom eerste uit? Bied jy aan om jou deel van die rekening te betaal? As dit by die hofmaak-dans kom, blyk dit ons val terug op oeroue rituele.

WIE MAAK DIE EERSTE SKUIF?

Moenie hom eerste uitvra nie, sê Bonita. Glimlag, gesels, praat oor ditjies en datjies en flirt 'n bietjie. Wees oop en toeganklik. Hy is dalk al soveel keer deur 'n vrou afgejak, hy is skrikkerig. Laat hom weet jy stel belang.

Evan Marc Katz stem saam. As jy hom eerste uitvra, kan dit jou aggressief en desperaat laat lyk. Gebruik eerder jou vroulike lis om hom sover te kry om jou uit te vra, is sy raad.

In 'n blitsopname op SARIE.com en tussen kollegas en vriende blyk dit inderdaad min vroue sal hom eerste uitvra. "Ek het al, maar gewoonlik *backfire* dit. Mans hou nie daarvan nie," sê Sandra*.

Sy verkies dat 'n man haar eerste uitvra, sê Anna*. "Dit wys daar is 'n bietjie vuur onder sy blaker en daar skuil 'n jagter in hom."

Daar is vroue wat wel die vrawerk gedoen het – met sukses. Een is selfs al dekades met die betrokke man getroud. Doen wat vir jou reg vóél.

Met afspraak-webtuistes soos Bonita se Matchvip.co.za en die *app* Tinder is dinge deesdae eenvoudiger. Jy en hy moet albei klik om aan te dui julle stel belang. En dan kan julle begin gesels.

WIE BETAAL?

Jammer, manne, die lewe is nou eenmaal nie regverdig nie, sê Evan Marc Katz op sy blog. Die man betaal op die eerste afspraak, dis etiket. As sy *date* haar beursie uithaal, moet hy beslis nee sê. In elk geval op die eerste paar afsprake. Of solank hy haar die hof maak. Dalk altyd.

En ja, ons blitsopname wys vroue verwag meestal dat hy vir die eerste afspraak opdok. Selfs al bied sy aan om te betaal, verwag sy dat hy dit van die hand moet wys.

Bygesê: Vroue, wees simpatiek teenoor die man wat nie so baie verdien nie. En dalk daarom nie so ridderlik kan wees nie. Jy wil nie sy *sugar mama* wees nie, maar moenie dit as vanselfsprekend aanvaar dat hy jou OTM is nie, sê Evan.

9 LOS JOU EKS BY DIE HUIS

Moenie oor jou eks emosioneel raak nie. Of hom slegsê nie. Dit wys jy het nog nie aanbeweeg nie. Bonita reken dit kan selfs jou waarde in jou *date* se oë verminder. Dit kan dalk lyk asof jy in die verlede toegelaat het dat iemand jou sleg behandel. Of dat jy dit nie werd is om met respek en waardigheid behandel te word nie. Volstaan met: "Dit het nie meer gewerk nie." Of: "Ons waardestelsels het verskil."

10 DURACELL-HASIE, BEDAAR!

Petra* het 'n hoëprofiel-werk, baie stokperdjies en is 'n fiksheidslaaf. Mans voel daar is nie plek in haar lewe vir 'n verhouding ook nog nie. Sy lyk heeltemal te besig daarvoor. Pasop dat dit die indruk is wat jou *date* op die eerste afspraak kry, sê Bonita. As 'n man minderwaardig voel, of dat daar nie regtig plek in jou lewe is nie, gaan hy verdwyn.

11 MOENIE KLOUERIG WEES

Julle is halfpad deur die hoofgereg en jy beplan klaar jul volgende afspraak. Of jy stuur vir hom ses WhatsApps voor sonop môreoggend. Weerhou jouself daarvan, jy lyk desperaat. Laat hom voel dis sy besluit om jou weer te sien. Moenie 'n verhouding aan hom probeer verkoop nie. En moet hom nie 'n kêrel se "voordele" gee tot hy dit verdien het nie, reken Bonita.

12 GOEIE MANIERE KOS NIKS

- Moenie rondkyk terwyl hy met jou praat nie. Dit wys jy stel nie belang nie.
- Skakel jou selfoon af. Klaar.
- Moenie ongeskik met die kelner wees nie. Dit wys hoe jy ander behandel – en dalk in die toekoms ook vir hom. S

KONTAK
Bonita
072 582 4345,
bonita@matchvip.co.za,
www.matchvip.co.za

**Skuilname.*